

*Steek èrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Vrees en Broosheid

Skriflesing: Psalm 116

Broodjies vir die pad

### Tao

Word leeg  
 en jy sal vol bly  
 dra nog 'n bietjie sekelbos  
 na hierdie vuur  
 hy moet sy afsterf ook ken  
 vind jou lag vry  
 binne die stroom-op forel  
 wat die water berg-af laat vloei  
 hou op doen  
 en omhels die woordelose Meester

Nico van Rooyen

<https://www.litnet.co.za/tao/>

"We are all echoes of each other. We are all humans and feel both despair and happiness. Our similarities, as a species, are staggering. And our mental fragility is directly tied up with our humanity. We have nothing to be ashamed of in being human, any more than a tree should be ashamed of having branches. Let's accept our own nature. Let's be kind to ourselves and to each other. Let's never add to the pain by blaming ourselves. We are all so weird that, really, none of us are. There are seven billion versions of strange on this freak wonder of a planet. We are all part of that. All freaks. All wonderful."

— Matt Haig, Reasons to Stay Alive

Matt Haig was born in Sheffield, England in 1975. He writes books for both adults and children, often blending the worlds of domestic reality and outright fantasy, with a quirky twist. His bestselling novels are translated into 28 languages. The Guardian has described his writing as 'delightfully weird' and the New York Times has called him 'a novelist of great talent' whose writing is 'funny, riveting and heartbreaking'.

[https://www.goodreads.com/author/show/76360.Matt\\_Haig](https://www.goodreads.com/author/show/76360.Matt_Haig)

"[Jesus] matters because of what he brought and what he still brings to ordinary human beings, living their ordinary lives and coping daily with their surroundings. He promises wholeness for their lives. In sharing our weaknesses he gives us strength and imparts through his companionship a life that has the quality of eternity." (Dallas Willard in Ruthless Trust - Brennan Manning)"

— Brennan Manning, Ruthless Trust: The Ragamuffin's Path to God

"The revolution of Jesus is in the first place and continuously a revolution of the human heart or spirit. It did not and does not proceed by means of the formation of social institutions and laws, the outer forms of our existence, intending that these would then impose a good order of life upon people who come under their power. Rather, his is a revolution of character, which proceeds by changing people from the inside through ongoing personal relationship to God in Christ and to one another. It is one that changes their ideas, beliefs, feelings, and habits of choice, as well as their bodily tendencies and social relations. It penetrates to the deepest layers of their soul."

— Dallas Willard, Renovation of the Heart: Putting On the Character of Christ

Om regte woorde vir 'n oomblik en gehoor te vind

Die titel van Marilynne Robinson se ontroerende roman Gilead (2004) sinspeel op die uitroep, te midde van die ervaring van smart en angs: "Is daar nie 'n balsem in Gilead nie?" (Jeremia 8:22).

In Gilead – 'n uitgebreide brief van die bejaarde gereformeerde predikant John Ames in 1956 aan sy jong seun – lees ons hoe Ames in 'n stadium nadink oor sy nagenoeg 2 250 preke deur die jare.

Dié preke is nou in bokse op die solder, en hy wonder oor hul nut en of hy hulle nie eerder moet verbrand nie.

Aan die ander kant weer is hulle 'n soort persoonlike verslag van sy innerlike lewe oor vyftig jaar heen.

Één van hierdie preke het hy wel verbrand. Dit was gedurende die Spaanse Griep, en dus ook ten tye van Amerika se groeiende betrokkenheid by die Eerste Wêreldoorlog.

Ames onthou dit as 'n verskriklike tyd. Mense het met maskers kerk toe gekom en so ver as moontlik van mekaar gesit.

Jong soldate het by die duisende gesterf nog voordat hulle na die oorlog kon vertrek. Daar was die een begrafnis ná die ander.

As ooggetuie van talle soldate se afsterwe weens die griep, skryf Ames 'n preek waarin hy dit stel dat die sterftes as teken en waarskuwing dien dat die dwase begeerte na oorlog die gevolge van oorlog sal meebring.

Want geen oseaan is wyd genoeg om as beskerming te dien teen God se oordeel as mense van ploegskare swaarde smee nie.

Ames preek egter nooit dié preek nie, aangesien hy besef het dat daar net 'n paar ou mense in die kerk sou wees, en dat die meeste van hulle ook nie die oorlog goedkeur nie.

Daarom verbrand hy dit eerder in die stoof. En daardie Sondag preek hy oor 'n gelykenis wat op God se ontfermende genade dui.

Later in Gilead dink Ames weer oor al sy preke na en kom hy tot die gevolgtrekking: "They mattered or they didn't and that's the end of it."

Met die lees van Ames se refleksie op sy eie preke, kon ek nie anders nie as om mee te leef met die predikers wat ook in ons dag worstel om die regte woorde vir 'n spesifieke gehoor en oomblik te vind.

Dit is dalk waar dat preke – vir predikers én hoorders – saak maak of nie saak maak nie.

Maar dit bly tog merkwaardig dat 'n preek só kan resoneer dat hoorders in die gees van die reëls van 'n bekende Spiritual wil beaam: "There is a balm in Gilead / To make the wounded whole." – RRV

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-regte-woorde-vir-n-oomblik-en-gehoor-te-vind-20200605>

## Brood vir die pad

### Verwondering

*Pieter van der Westhuizen*

Verlede Sondag se onderwerp het eintlik gegaan oor adem – inasem en uitasem. Na 'n vraag van Braam aan die einde het ons oor verwondering begin praat. Toe hou gedagtes oor verwondering my kop in die dae daarna besig. Uit ons gesprekke kon ek agterkom dat Amanda ook besig was om te wonder oor verwondering.

'n Mens hoor dikwels iemand iets sê soos: "Ek hou nie van daardie politikus nie maar ek het tog 'n mate van bewondering vir hom/haar". Ons sien bewondering dus as iets gradeerbaar. Sou daar ook grade van verwondering wees? Ek dink beslis so. Daar is uiteenlopende dinge waarvoor ek my dikwels met 'n oop bek – soos my pa altyd gesê het – staan en verwonder, maar nie telkens met dieselfde intensiteit en oorweldigende emosie as wat ek by my eerste sien van Michaelangelo se Piëta beleef het nie.

Ek sit my byvoorbeeld grensloos en verwonder as ek Amanda se kleindogter, wat met haar ma Engels praat en haar pa Afrikaans, in kommunikasie met haar pa pragtige Afrikaanse sinnetjies hoor voortbring, met selfs die tweede "nie" netjies op sy plek, en dan omdraai en perfekte Engels met haar ma praat. Dit is wat onder andere die Amerikaanse neurolinguis, Pinker, die "language instinct" noem. Die feit dat klein homo sapiens geneties gerat is om in so 'n vroeë ontwikkelings stadium een of self meer taalsisteme spontaan te kan verwerf. Ek verwonder my hieraan soos ek my ook in my tuinstoel sit en verwonder aan die twee vinkies wat al fladderend, slegs met poot en bek, vir hulle 'n baie netjiese huisie aan 'n oorhangende boomtak vleg.

Ek verwonder my as Amanda vir my vertel van die wonder van die Fibonaccigetalle en hoe hulle in die natuur weerspieël word, byvoorbeeld die spirale om 'n pynappel en hoe 'n sonneblom se pitte gepak is. Ek beleef weer verwondering as sy my vertel van die "goue verhouding" en dan wys hoe dit neerslag vind in die struktuur van 'n Nautilus- en ander skulpe. Die "goue verhouding" wat ook, op oënskynlik onbewuste wyse van hulle kant af, in die kunswerke van die groot meesters neerslag gevind het. Saam verwonder ons twee ons oor Mendeleev se periodieke tabel, 'n fyn geformuleerde raamwerk waarbinne hy rekenskap gegee het van die twee en negentig natuurlike elemente waaruit alles in die heelal bestaan. Van die elemente was in sy tyd nog nie geïsoleer nie, maar sy model kon hulle bestaan en hulle eienskappe akkuraat voorspel. "Mathemagic" noem hulle dit.

Die skeppingskrag van taal vervul my met verwondering. Dikwels staan ek verstom voor die poësie met sy kragtige beelde en metafore. Ek lees die laaste bladsy van 'n roman en loop in verwondering dae lank rond met die storie en die karakters nog in my kop. Soms sit ek by die klaarlees 'n kortverhaal neer en dink met verwondering aan hoe die verteller, soos onse Braam, in sy beperkte woordruimte soveel meer sê as wat daar geskryf staan - Nijhoff se "lees maar, er staat niet wat er staat". Ek verwonder my ook aan die gawe van 'n woordgimnas soos Breyten Breytenbach wat, onder andere,

met 'n kragtige nuutskepping soos "die hoernaluste van Haphort" baie betekenisvol na sekere Afrikaanse Sondagkoerantjoernaliste verwys.

Die wyse waarop Olimpiese gimnaste die swaartekrag uitdaag as hulle met hulle lywe toer en ongelooflike bewegings voor my op die TV-skerm maak, vul my ook met verwondering. So ook die towerbeeld van 'n balletdanseres wat met perfekte balans en vroulike skoonheid en grasia 'n reeks visuele beeldhouwerke die een in die ander laat ineenvloei. En, natuurlik, as ek na 'n uitvoering van 'n simfonie, soos Beethoven se Negende, sit en luister, is ek totaal verwonder oor die omvang van die intellektuele prestasie van 'n mens wat so 'n ingewikkelde samestelling van klanke tot so 'n ongelooflike harmonieuse eenheid kon uitdink en laat saamsmelt.

Kortweg gesê, verwondering is vir my iets soos daardie oomblik waarin Goethe se Faust uitroep: "Verweile doch, du bist so schön". Maar verwondering het ook 'n ander kant. Dit het ek hierdie week weer gesien aan die gevoellose wyse waarop 'n Amerikaanse poliesman 'n swartman se dood veroorsaak het. By nadenke hieroor "verwonder" ek my aan die menslike aard wat ook tot so 'n laagtepunt in staat is. Hoe daal spesie homo sapiens wat simfonieë kan komponeer en roerende poësie kan skep af tot hierdie uiterste lae vlak van onmenslikheid? Daar is na my wete geen ander spesie onder die soogdiere waar volwasse manlike lede hulle klein babas verkrag nie. Dink aan die ondenkbare en onbeskryfbare wreedheid van die keuse waartoe die ma in die rolprent Sophies's Choice, gedwing word – 'n toneel wat op 'n ware gebeurtenis gegrond is. As ek so daaraan dink, is sinisme nie die teenoorgestelde van verwondering, soos iemand verlede week voorgestel het nie. Ek sien eerder verwondering as die een kant van 'n muntstuk wat dui op absolute vervoering, ontroering en meelewing, met aan die ander kant van die muntstuk verwysing na iets afskuwelik en walglik. Die positiewe sy van verwondering trek jou aan en voer jou mee. Die negatiewe stoot jou af en vul jou met weersin.

Hierdie soort twee-kante-van-die-munt is dikwels deel van ons menslike belewenis. Dink byvoorbeeld aan die wete dat alle liefdesverhoudings se einde reeds van die begin af in hulle ingebou is. Of dit nou uiteindelijke onmin, ongeluk, misverstand of die dood is, alle liefdesverhoudings het 'n einde en gaan deur "joy now – pain then"-oomblikke (C.S. Lewis, Shadowlands). Nog so 'n keersy-van-die-munt-besef is die probleem van monoteïsme. Ek het die eerste keer daarvan bewus geword toe my pa, in 'n gesprek met die dominee gevra het: "Dominee, verduidelik jy net vir my een ding, hoe het sonde in die hemel gekom? Hoe kon die duiwel onder 'n almagtige en alwetende God se neus opstand stook?"

Die dominee se antwoord was lank en wollerig. Hy kon my pa egter nie laat ophou wonder oor – homself soms selfs verwonder aan – die ou storie van die "Gevalle Engel" nie.

### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.  
*Ubi caritas, et amor*  
*ubi caritas, Deus ibi est.*

### Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877